Kamp 25 tot 28 Februarie 2010

Ek het vir jou gese ek sal vir jou nog iets skryf oor wat die kamp als vir my beteken het.

Kom ek begin by hoe ek gevoel het voor ek op die kamp gegaan het. Ek was so leeg en sonder betekenis. Ek het misbruik en gebruik gevoel. Ek het geglo dat daar nie 'n manier is dat ek mooi kan wees nie. (Hier het ek nooit geweet dat dit van my kinderjare af al 'n begeerte was nie). Omdat ek nooit kon glo dat ek mooi is nie het ek nie geglo dat my man my as mooi of begeerlik kon sien nie. Dit het natuurlik 'n groot impak op ons huwelik en intiemheid gemaak. Ek het altyd vir myself gese daar is nie 'n manier wat ek mooi kan wees nie (ek kon mos in die spieel sien) so hy moes vir my jok.

Ek was so leeg want my lewe het net so besig geword met alledaagse take. My lewe was 'n uiteengesette roetine! Werk en kinders het alles oorgeneem en daar was nie meer tyd vir my huwelik nie (daar was glad nie meer 'n vlammetjie nie). Ons het maar net in dieselfde huis gebly vir gerieflikheidshalwe en om die kinders se ontwil. Voor ek op die kamp gegaan het, het ek 'n laagtepunt bereik. Ek was totaal en al leeg . Finansiele verpligtinge en druk het begin veroorsaak dat ek en my man oor onbenullighede begin stry het. Op hierdie stadium het ek nie meer kans gesien om aan te gaan nie en het ek nie meer sin gesien om te leef nie. Ek was niks behalwe n lee dop nie.

Toe verander my lewe:
Ek moes werk die Donderdag voor ons moes ry vir die kamp. Ek het n brief van my man ontvang waar hy ook nie meer kans gesien het om aan te gaan met die huwelik nie. Hy het begin dink daar mag dalk iemand anders vir hom wees . Ek het gewens ek kon doodgaan. Ek het dadelik na hom gegaan om my huwelik te probeer red. Ek het geweet hier gaan ek moet veg vir wat myne eens op 'n tyd was. Ons het lank gesels en baie dinge gese wat dalk jare terug gese moes word. Ons het ook besef ons is baie lief vir mekaar.

Die tyd wat ek op die kamp was het my baie tyd gegee om te dink aan wat verkeerd geloop het en hoekom? Op die kamp het ek besef dat 'n groot deel van my seer en leegheid was omdat ek begeertes gehad het wat ek lankal al van vergeet het. Begeertes wat ek lankal op sy gesit het want die die lewe het so gedruk en alles was so 'n gejaag. Ek het eers geleer hoekom ek so voel, toe vat jy ons 'n stappie verder en leer ons hoe om dit te hanteer.

Maar die beste natuurlik vir later gelos , want toe wys jy ons dat ons direk met ons vraag na Jesus toe kan gaan en dat ons mans nie vir ons die intiemheid kan gee wat ons so desperaat na smag nie. Jy het ook vir ons gewys hoe baie nodig dit is om vir ons mans die belangrike dinge in die lewe te se. Dat hy dit het wat dit verg om 'n man te wees.

Ek het op die kamp besef dat God my liefhet en dat ek na Sy beeld geskape is. Hoe kan ek dan dink dat ek nie mooi is nie. Hoe kan ek dink dat ek nie kosbaar is nie! Ek is al daardie dinge en God is lief vir my!

Vandag is ek en my man nader aan mekaar as wat ons nog ooit was. Mense vra my wat het ek gedoen want iets aan my het verander, ek straal. As ek met iemand praat vra hulle my wat het gebeur want hulle het my nog nooit so sien lag of gelukkig wees nie.

Buiten dat ek my man (Pikkie) weer ontdek het, het ek God ook ontdek en kan ek Sy nabyheid voel in my lewe en in my hart. Ek kyk nie meer so baie sepies nie en spandeer meer tyd saam met manlief, en dit is so lekker!

Ek wil vir jou net baie baie dankie se vir wat jy vir my gedoen het. Ek en Antoinette - wat saam met my op die kamp was - is al amper 10 jaar vriendinne en nog nooit was ons so naby aan mekaar soos nou nie. Baie dankie. Ons het albei besef dat ons dieselfde hunkeringe gehad het en nooit daaroor gepraat het nie. Ek is weer 'n nuwe mens met baie doelwitte en kan nou die vyand se aanvalle identifiseer en teen dit waak. Die vyand regeer nie meer my lewe nie !!! God doen!!!

Weereens baie dankie en ek wens julle die allerbeste toe vir julle werk want julle is kosbaar verby !

Baie liefde en Groete

Lee-Anne Barnard